AANKONDIGINGS

WELKOM IN ONS HUIS VAN DIE HERE
MET DIE EREDIENS OP
2 JUNIE 2019

Webtuiste: www.onskerk.co.za

Kantoor ure: Maandae; Woensdae; Vrydae 9-12vm

Sondag 2 Junie

09:30	Erediens & Kategese
	Spesiale Kollekte Harvesters Ministries
18:30	Pinkster Moederkerk

Program vir die week

Maandag 3 Junie	
18:30	Pinkster Moederkerk
Dinsdag 4 Junie	
	Pinkster Moederkerk
Woensdag 5 Junie	
10:00	Vroue Bybelstudie
18:30	Pinkster Moederkerk
Donderdag 6 Junie	
18:30	Pinkster Moederkerk
Vrydag 7 Junie	
06:00	Gebedstyd Hantamkerk
Saterdag 8 Junie	
18:00	Voorbereiding vir Pinkster Nagmaal in Hantamkerk
Volgende Sondag 9 Junie	
09:30	Pinkster Nagmaal Moederkerk
	Spesiale Kollekte Instandhouding
	Gemeente Ete (Hantamkerksaal)

VEELS GELUK AAN DIE LIDMATE WAT DIE WEEK VERJAAR:
Vandag: Erica Kotze; Pieter Kotze; Juline Meyer; Carmie van Schalkwyk; Kobus van Wyk (Spar); Izak Visagie
Maandag: Kitta Visser
Dinsdag: Lehanna Louw; Japie van Wyk
Woensdag: Cobus Burger; AJ Steenkamp; Orna van Niekerk; Nicolaas van Wyk
Donderdag: Adri Hanekom; Lusha vd Merwe; Yvonne Visagie
Vrydag: Jana Taljaard; Dafina van Rhyn; Riaan Visagie(Perdekop)
Saterdag: Deon Engelbrecht; Riana Hough; Kitta van Zyl

Voorbidding: Mottie de Klerk; Oom Willie Visagie (Puts) is opgeneem in Cape Gate hospitaal; Boetie Visagie sterk aan by die huis.

Voorbereiding vir Nagmaal

'n Voorbereidingsgeleentheid vir ons Pinkster Nagmaal van 9 Junie sal DV op Saterdag 8 Junie om 18:00 in Hantamkerk plaasvind.
Op die program is lofliedere o.l.v ons Sanggroep, 'n kort boodskap, getuienisse en saamgesels, wydingsliedere, geleentheid vir stilword en gebede.
Ons nooi u almal hartlik uit om hierin te kom deel.

Kix Pinkster verversings

Sondag	2 Junie -	Sop en broodjies
Maandag	3 Junie -	Sop en broodjies
Dinsdag	4 Junie -	Jaffels (R10)
Woensdag	5 Junie -	Sop en broodjies
Donderdag	6 Junie -	Pannekoek R5

Die sop en broodjies is gratis. Daar sal 'n houer wees vir donasies.
By voorbaat dankie vir elkeen wat help om hierdie lekker kuier-kansie na die bidure moontlik te maak.

Gemeente ete 9 Junie 2019:

Die jaarlikse Gemeente ete vind plaas op Sondag 9 Junie.
Tyd: 11h00 - Wegneemetes
12h00 - Aansit ete
Koste: Volwassenes - R90
Kinders onder 10jr – R40

Spyskaart:

Skaapvleispastei
Juweelrys met sous
Soetwortels met ertjies
Gebraaide aartappel
Mengelslaai
Lemoenpoeding met roomys of vla

Bring asb eie drinkgoed
Kaartjies beskikbaar by Kerkraadslede of kerkkantoor

Leraargedagte:

Dit is amper onwerklik om te dink dit is alweer Pinkstertyd! Die jaar is beslis in "fast-forward-mode" en voordat ons dit weet is dit Augustus. Ons weet ook dat as Augustus maand eers aan die orde is, dan vlieg die res van die jaar en voordat ons dit weet is dit fluit-fluit die jaar is verby.

Vir sommige hanteer die jaar hulle relatief goed. Ander voel of die storm hulle van alle kante af beetgekry het en binne ons almal se harte is daar een verlangende vraag: "Here, is dit die maand wat die reën gaan val?"

Ongeag waar jy jouself bevind (emosioneel en geestelik), pinkster is 'n geleentheid wat ons siele kom voed. Dit is 'n week wat ons bymekaar kom in Sy Naam; waar ons aan Sy voete kan kom sit net soos wat ons is en die Gees ontmoet elkeen van ons daar waar ons, onsself bevind.

Juis daarom wil ek elkeen uitnooi om moeite te doen om Pinkster by te woon die jaar. Die tema is: "Leer ken die Gees opnuut!" Ons gaan onder andere gesels oor 'n *Verlange na die Gees* en wat dit beteken om *Geesvervuld* te wees en te leef.

*Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! (*Romeine 15:13)

Kinderpinkster sal plaasvind die 10de tot die 12de Junie by Laerskool Calvinia, vanaf 07h30 – 08h00 in die skoolsaal.

Seënwense,
Ds. Maryke